

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

FEBRUARIE/MAART 2015

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

VRAAG 1: HOE HET DIE STIGTING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE STUDENTE-ORGANISASIE (SASO) DIE APARTHEIDSREGIME SE BELEID VAN BANTOE-ONDERWYS IN DIE 1970's UITGEDAAG?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Raadpleeg Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, het swart studente van NUSAS weggebreek? (1 x 1) (1)

1.1.2 Biko het drie maniere voorgestel waarop 'swartes sake self moes aanpak'. Noem die DRIE maniere. (3 x 1) (3)

1.1.3 Definieer die konsep *Swart Bewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Waarom, dink jy, het Biko gesê dat swart Suid-Afrikaners hulself van hul 'sielkundige kettings' moes bevry? (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter boodskappe dra die spotprent oor SASO oor? (2 x 2) (4)

1.2.2 Lewer kommentaar oor waarom SASO op die manier, soos in die spotprent voorgestel, op 'wit' studente gereageer het. (2 x 2) (4)

1.3 Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A en 1B mekaar ondersteun met betrekking tot die stigting van SASO. (2 x 2) (4)

1.4 Lees deur Bron 1C.

1.4.1 Watter TWEE bewyse in die bron dui daarop dat die invloed van SASO nie net tot studente wat aan universiteite gestudeer het, beperk was nie? (2 x 1) (2)

1.4.2 Noem enige VIER plekke in Suid-Afrika waar SASO-takke gestig is. (4 x 1) (4)

1.4.3 Verduidelik die rol wat 'vormingskole' in die politieke opvoeding van swart kinders in die 1970's in 'n Suid-Afrikaanse konteks gespeel het. (2 x 2) (4)

1.4.4 Noem enige TWEE leiers wat by die 'vormingskole' gegradueer het. (2 x 1) (2)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 Gebruik die inligting in die foto en jou eie kennis en verduidelik waarom die jeug van Soweto met protesaksie begin het. (2 x 2) (4)

1.5.2 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die redes vir die studenteprotes in Soweto in 1976 bestudeer. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe SASO die apartheidsregime se beleid van Bantoe-onderwys in die 1970's uitgedaag het. (8)

[50]

VRAAG 2: HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUID-AFRIKANERS GEHELP OM DIE VERLEDE TE HANTEER?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 1) (1)

2.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die WVK binne 'n spesifieke tydraamwerk moes werk. (1 x 1) (1)

2.1.3 Noem enige TWEE subkomitees wat gestig is om die WVK met sy werk te help. (2 x 1) (2)

2.1.4 Waarom, dink jy, is 'die wetlike onregverdighede van apartheid' uit die werk van die WVK uitgesluit? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die plakkaat, was die DRIE misdade van die verlede? (3 x 1) (3)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en noem waarom 'stilswye' verkeerd was. (1 x 2) (2)

2.2.3 Definieer die konsep *versoening* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik of die inligting in die plakkaat die werk van die WVK op 'n effektiewe manier oordra. (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Noem DRIE maniere waarop herstellende geregtigheid beide slagoffers en oortreders moes help. (3 x 1) (3)

2.3.2 Tony Yengeni het versoek dat Jeffrey Benzien die metode wat hy tydens ondervraging gebruik het, weer moes uitbeeld. Gee 'n rede vir hierdie versoek. (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom Benzien ineengestort en gehuil het. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na die plakkaat in Bron 2B en die visuele bron in Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in die bronne mekaar ondersteun met betrekking tot die metodes wat die apartheid-veiligheidsagente gebruik het om anti-apartheids-aktiviste te ondervra. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik Bron 2D.

2.5.1 Noem enige TWEE vorms van ondersteuning wat slagoffers van die WVK-proses verlang het. (2 x 1) (2)

2.5.2 Lewer kommentaar op waarom 72 persent van wit respondente gesê dat 'dit sleg was vir die land om 'n Waarheidskommissie te gehad het'. (2 x 2) (4)

2.5.3 Verduidelik die beperkinge van die gebruik van die inligting in hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die WVK-proses bestudeer. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik of die WVK suksesvol was om Suid-Afrikaners te help om die verlede te hanteer. (8)

[50]

VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN EKONOMIESE BELEIDE SUID-AFRIKA NA 1996 BEÏNVLOED?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Volgens die bron, wat was vir Suid-Afrika se ekonomiese en maatskaplike chaos verantwoordelik? (1 x 1) (1)

3.1.2 Gee enige TWEE redes waarom die Internasionale Finansiële Instellings besluit het om na 1989 by Suid-Afrika se ekonomie betrokke te raak. (2 x 1) (2)

3.1.3 Noem die TWEE Internasionale Finansiële Instellings wat na die 1990's voordeel getrek het uit die globalisering van Suid-Afrika se ekonomie. (2 x 1) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die konsep *globalisering* te definieer. (1 x 2) (2)

3.1.5 Waarom, dink jy, het Suid-Afrika se nuut verkose demokratiese regering besluit om die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) in te stel? (2 x 2) (4)

3.1.6 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse regering besluit het om afstand te doen van die HOP en dit met GEAR te vervang. (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer die DRIE bondgenote wat in die spotprent uitgebeeld word. (3 x 1) (3)

3.2.2 Verduidelik die boodskappe van die spotprent in die konteks van die ANC se ekonomiese beleid. (2 x 2) (4)

3.3 Verduidelik hoe Bron 3A en 3B mekaar ondersteun met betrekking tot die ANC se ekonomiese beleid na 1996. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Noem TWEE verpligtinge waartoe Suid-Afrika ingestem het toe dit in 1994 'n ondertekenaar van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel ('GATT') geword het. (2 x 1) (2)

3.4.2 Verduidelik hoe die vroue in KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap na die ondertekening van die 'GATT' geaffekteer is. (2 x 2) (4)

3.4.3 Lewer kommentaar daarop of 'n geskiedkundige die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou. Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer Bron 3D.

3.5.1 Wat was die indiensnemingsyfers in die klerebedryf in die volgende jare:

(a) 1997 (1 x 1) (1)

(b) 2004 (1 x 1) (1)

3.5.2 Watter gevolgtrekkings kan jy uit die statistiek in die grafiek maak rakende die klere- en tekstielbedryf tussen 2002 en 2004? Ondersteun jou antwoord met relevante bewyse. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die implementering van neoliberale ekonomiese beleid Suid-Afrika na 1996 beïnvloed het. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

PW Botha se poging om die apartheidstelsel te hervorm was 'n droewige mislukking.

Assesseer die geldigheid van hierdie stelling in die konteks van verskerpte interne weerstand teen Botha se regime in die 1980's. **[50]**

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Nelson Mandela het geglo dat 'onderhandeling, nie oorlog nie, die weg na 'n oplossing was' vir 'n demokratiese Suid-Afrika.

Evalueer hierdie stelling krities in die konteks van Suid-Afrika se onderhandelings-prosesse wat van 1990 tot 1994 ontvou het. **[50]**

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Bespreek tot watter mate Mikhail Gorbachev se hervormingsmaatreëls tot die verbrokkeling van die Sowjetunie in 1992 aanleiding gegee het. Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou